NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

25 April 2021 – 8 Mei 2021

WERD OM TE WEET

1. **Program vir die volgende weke**

25 April	Ds Rian Steenkamp. Paastyd 4. Langnaweek
2 Mei	Ds Danie Ueckermann – Bybelgenootskap. Paastyd 5
9 Mei	Ds Rian Steenkamp. Paastyd 6. Omgeegroepe
13 Mei	Hemelvaartfees – 09:30 en 19:00 in die kerk.
16 Mei	Ds Servaas de Kock. Paastyd 7. Kerkraad vergader – 18:00.
23 Mei	Pinksterfees en Nagmaal. Omgeegroepe

2. **Verlof:** Ds Servaas is met verlof vanaf 22 April tot 10 Mei. Kontak die kerkkantoor of ds Rian in dié tyd vir die aanmelding van krisis-situasies.

3. **Kontakweek:** Die tweede Kontakweek vir 2021 vind van 3 Mei af plaas. Wyks- en groepleiers probeer dan om met elke besoekpunt in die gemeente kontak te maak.

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Di Hart** (083 226 5486), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **André en Lanie Jordaan** (083 634 3339), **Johan Kemp** (072 085 1222), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Lenie Benecke** (011 888 3187) en **Martie Slabbert** (071 925 2152).

2. **Hospitalisasie, operasies en siekes: Inez Steyn** (082 684 4339) ondergaan Dinsdag 27 April 'n 'n knie-vervanging. **Janine Marais** (082 551 3755) herstel tuis na 'n operasie. **Estelle Kruger** (084 444 4147) herstel tuis na beroerte en rehabilitasie. **Joan Verhoog** (082 487 9496) is besig met chemoterapie. **Piet Homan** (072 132 9440) ontvang deurlopend behandeling.

STEUNDIENSTE SOEK MENSE …

Diensgroep Steundienste werk met **fondse, eiendomme en personeel**. Elkeen van hierdie afdelings het tans behoefte aan kundige lidmate wat betrokke wil raak om te verseker dat die Diensgroep effektief aan al die sake kan aandag gee. Lidmate met **finansiële kundigheid** en **personeelsake** of **belangstelling in eiendom** kan 'n groot verskil maak.

Kontak asseblief vir Nic Lotter (082 321 2809) onverwyld vir meer inligting.

GOEIE WENSE AAN ALMAL WAT VERJAAR

25/04 Francois Oosthuizen
26/04 Lia Breedt
27/04 Anelize Stevens
28/04 Chloe Glover, Stephanie Liebenberg
29/04 Susan Beck, Mieke Griesel, Jackie Myburg, Johan Nell, Leandrie van der Merwe, Mieke van der Merwe
30/04 Ella Theron
01/05 Heilie Bam, Ena Beukes, LeRoux Brand, Francois le Roux
02/05 Sus Janse van Rensburg, Wilco Kamffer
03/05 Heinrich Ueckermann
04/05 Willie van den Bergh
05/05 Lorraine Mollentze, Tanya van Niekerk
06/05 Ame Koortz
07/05 Chris Naude, Robert Verhoog
08/05 Johann Combrink, Marianna Dürr, Louis Strauss, Enzo Wolmarans

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees.

Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word: SMS 082 570 4309.

Gebedskandelare teen die muur langs die groot ingangsdeur bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of asseblief kers* wil opsteek.

BYBELPROJEK

Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R70** beskikbaar vir verspreiding deur lidmate. Lidmate kan spesifiek bydra tot hierdie subsidie-fonds maar word ook opgeroep om voortdurend bewus te wees van geleenthede waar hierdie "*goedkoper*" Bybels aan **verskillende groepe mense versprei kan word.** Verskeie vertalings is tans in voorraad beskikbaar. Kontak vir Zelda Hertz (082 873 6458).

BEGROTING 2021 – 2022

Die kerkraad het die begroting vir die volgende jaar goedgekeur. Diensgroep Steundienste het in die werklikheid van 'n onvoorspelbare tyd uiters konserwatief begroot en elke moontlike uitgawe sorgvuldig oorweeg. Die inkomste verwagting is aangepas om die finansiële omstandighede van lidmate te verreken. Streng begrotingsbeheer sal verseker dat die bediening van Randburg binne die raamwerk tog effektief en ook gehoorsaam aan ons Bybelse opdrag kan voortgaan.

Die verwagte inkomste van R2 840 960 teenoor begrote uitgawes van R3 139 344 dui op 'n tekort van R298 384. Maar God sorg vir ons ... die begrote tekort van R56 677 vir Maart 2012 het in 'n oorskot van meer as R60 000 verander. Ons gaan inderdaad net in geloof verder!

VIR ONS OUERS …

Johan Smith van VitaAmp skryf …

Daar was 'n tyd toe ons regering Christelike waardes beskerm het. Dobbel was onwettig, pornografie was onwettig ….. en so kan ek aangaan. Vandag (dis al lankal die geval) leef ons in 'n godsdiens vrye land, pornografie is gewettig en in oormaat beskikbaar vir almal, dobbelhuise skiet soos paddastoele op en die sensuur op flieks en video's is baie effentjies. Ouers kan nie meer op die staat of skool staatmaak om hulle kinders op te voed nie. Dis so eenvoudig soos dit.

'n Kanadese jongman se laaste woorde aan die hof net voor hy die doodstraf opgelê is, was die volgende: *Am I alone responsible for the crime I committed? My father put the first bottle of liquor in my hand. My parents taught me there is nothing to religion. I never saw a Bible in my home.*

Hierteenoor getuig 'n Amerikaanse jongman: *When my parents read the command, "And ye shall teach them to your children," they did not think God was talking to the government or the school, or even the Sunday school or the church. They knew He was talking directly to parents.*

God gee die verantwoordelikheid om jou kind op te voed en geestelik te versorg aan jou as ouer. Is jy in hierdie opsig 'n ware ouer vir jou kind of verwag jy nog dat die kerk, staat of skool daardie rol moet vervul?

Word gemotiveer deur Spreuke 13 vers 6: *Die opregte bly behoue deur sy gehoorsaamheid aan die Here; ongehoorsaamheid laat die sondaar te gronde gaan.*

Komaan ouers, jy kan hierdie doen!

Kom ons wees baie dankbaar vir elke kerk en skool wat werklik omgee vir jou kind en christelike waardes in jou kind inbou. Weet egter, en leef dit, die werklike eienaarskap van jou kind se opvoeding lê in die ouerhuis.

ONS HOOP DIE MAAND KAN SO VERLOOP …

Mei 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
						1 **Werkersdag**
2 Paastyd 5	**3** **Skole begin**	**4**	**5**	**6**	**7**	**8**
9 Paastyd 6 Omgeegroepe	**10**	**11**	**12**	**13** **Hemelvaart**	**14**	**15**
16 Paastyd 7 Kerkraad 18:00	**17**	**18**	**19**	**20**	**21**	**22**
23 Pinksterfees Nagmaal 9:00 Omgeegroepe	**24**	**25**	**26**	**27**	**28**	**29**
30 Wintersorg 1	**31**					

SNUFFELGIDS

1. **Te Huur:** 1 Slaapkamer woonstel naby Afrikaanse skole en waterfront. R5 750 plus elektrisiteit pm. Deposito verlang. Kontak Johan - 082 653 8370.
2. **Tuisversorger beskikbaar:** Ondervinding in versorging van Dementia, Parkinson's, Diabetes 2, Rehabilitasie na beroerte. Skakel Charlotte Clements - 060 703 7409.
3. **Voorbereide etes:** Weeklikse spyskaart (middag- of aandetes @ R60) Bestel vorige dag teen 09:00. Afhaal volgende middag. Kontak Janine (082 551 3755) vir spyskaart en besonderhede.
4. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
5. **Te koop:** Tuisgebakte klein koekies en beskuit te koop. Kontak Elsabe - 082 877 6501.
6. **Te Huur:** Marlothpark vakansiehuis te huur. Grens aan Kruger Park. Inez Steyn - 082 684 4339.
7. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
8. **Herstel en diens** van motors en bakkies. Afgetrede werktuigkundige. Basil - 078 165 4808.
9. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maalvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
10. **Te Huur**: Ruim Loft Tuinwoonstel @ R7 650 per maand vanaf 1-3-2021. Luuks gemeubileer, privaat ingang met onderdak parkering, stil, sentraal, veilig, swembad, elektriese omheining, kragopwekker en alarm. 5G internet, water, asook weeklikse skoonmaak ingesluit. Uitstekende waarde - ideaal vir enkel werkende persoon. Kontak 082 920 6163.

15. **Foto's wat praat.** Lê enige feestelikheid soos troue, doop en ander herinnerings vas met besondere foto's. Christa Richter – 083 274 4979.
16. **Lyn dans (Line dancing):** Kom deel in heerlike pret op 'n Dinsdagaand 18h30 – 19h30 in die kerksaal. R50 per aand. Skakel Cyril (074 112 8017) vir verdere navrae.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.